AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 12

27 – 31 JULIE 2020

MAANDAG

Lees die stuk 2 keer deur.

MUSKIETJAG

Jou vabond, wag, ek sal jou kry, van jou sal net 'n bloedkol bly
Hier op my kamer mure. Deur jou vervloekte gonsery,
Deur jou gebyt en plaery kon ek nie slaap vir ure.
Mag ek my voorstel, eer ons skei,
Eer jy die doodslag van my kry –
My naam is van der Merwe.
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
Wees ook nie so kieskeurig nie,
Jy moet tog ééndag sterwe.
Verwekker van malaria,
Sing maar jou laaste aria –
Nog een minuut vir grasie.
Al soebat jy nou nòg so lang,
Al sê jy ook: ek is nie bang,
Nooit sien jy weer jou nasie…

Lees in jou DBE Boek 1 bl. 64 My ouma se storie

Doen vrae op bl. 65

Volgorde van gebeure bl. 66

DINSDAG

Doen dubbelklanke in DBE Boek 1 bl. 65

Doen komma DBE Boek 1 bl. 72

Lees sigwoorde nommer 1.

Kies die regte klank om 'n woord te vorm







Vul die regte klanke in om die storie te voltooi.

n B ___ ___ r w ___ ___n op 'n plaas. Hy bou vir sy h ___ ___ n en sy hen 'n h ___ ___ s. Hy verg ___ ___ t om vir die huis 'n d ___ ___ r te maak. Toe g ___ ___ n slaap die haan en die hen maar in die sk ___ ___ r.

Maak jou eie sin met die volgende woord:

dier: _____

_____

trein: _____

_____

leup: _____

WOENSDAG

Lees Leesboek 3: Wie is die koning van die voëls bl. 3,4.

Lees sigwoorde nommer 1.

Meervoude

Vul die woord tussen hakies se meervoud in

1. Die (arend) _____ vlieg hoog in die lug.
2. Die vier (eend) _____ kwaak hard.
3. Daar is baie (stoel) _____ in die klas.
4. Mamma het sewe (koek) _____ gebak vir die basaar.
5. Pappa het ons (bank) _____ verkoop.
6. Die (deur) _____ staan wawyd oop.
7. Daar bly (reus) _____ in die kasteel.
8. Die (hond) _____ hardloop in die straat af.
9. Die (mens) _____ staan in 'n lang ry.

DONDERDAG

Luister mooi na instruksies wat mamma lees en doen dit:

Simon Sê

Opvoeder lees die instruksies duidelik en hard aan leerders voor. Verduidelik aan hulle dat hulle net die instruksie wat met " Simon sê..." begin moet doen!

1. Simon sê teken 'n hand in die raam.
2. Simon sê teken 'n ring aan die ringvinger.
3. Simon sê teken naels vir elke vinger.
4. Kleur elke vingernael rooi in.
5. Simon sê skryf die name van vyf skooldae, een op elke vinger.
6. Omkring jou gunsteling dag.
7. Skryf die naam van jou onderwyser in die onderste linkerkantse hoek van die raam.
8. Simon sê skryf 'n optelsom op die hand, deur die getalle 4, 5, en 9 te gebruik.
9. Skryf nou 'n aftrekkingsom langsaan.
10. Simon sê trek 'n rooi kruis op die pinkie.
11. Simon sê teken 'n horlosie om die hand se gewrig.
12. Simon sê teken die tyd op die horlosie om 2:30 te wys.
13. Simon sê omlyn die raam met geel.
14. Simon sê skryf jou naam in die boonste regterkantste hoek van die raam.

Kyk na die prent en skryf 'n paragraaf van 5-8 sinne

Lees Leesboek 3: Wie is die koning van die voëls bl. 3,4

VRYDAG

Lees:

Sigwoorde

1.	2.	3.	4.	5.
is	in	ek	die	en
nie	het	van	dit	'n
so	aan	oom	kan	jy
nou	sê	nog	na	kom
hom	ook	by	dan	of
toe	kon	hou	af	vra
wys	hul	man	dag	gou
weg	lê	lyk	mos	nee
oë	dus	wie	ma	ag
pa	val	hê	eie	wag
pad	per	glo	end	tyd
drie	ver	ry	kop	sak
pas	ken	oop	lig	vas
kos	lag	bo	vat	eet
wou	wel	dae	reg	mag